## Wat word van lede verwag?

Met ingang van 1 Januarie 2024, **moet jy en jou afhanklikes elkeen 'n AP nomineer** om jul sorg te koördineer. As jy in een area bly en in 'n ander een werk, kan jy twee (2) AP's nomineer. Jy kan jou genomineerde AP elke ses maande verander.

## Wat gebeur as lede en hul begunstigdes nie algemene praktisyns nomineer nie?

SAMWUMED sal net vir twee (2) konsultasies buite jou area wat deur 'n niegenomineerde AP ingedien word, per voordeeljaar betaal. Lede wat voortgaan om vrywillig 'n AP te raadpleeg wat hulle nie genomineer het nie, sal vir elke konsultasie ná die limiet van twee bereik is, uit sy/haar eie sak moet betaal.

## Vyf wenke om bybetalings te voorkom

1. Nomineer die AP wat jy graag besoek, verkieslik een wat op SAMWUMED se AP-netwerk is.
2. Oortuig jou AP om deel van SAMWUMED se AP-netwerk te word.
3. As jou genomineerde AP jou na 'n spesialis verwys, vra hom/haar vir 'n verwysingsbrief en 'n magtigingsnommer.
4. Vra jou AP om jou na 'n netwerkspesialis by 'n netwerkhospitaal te verwys.
5. Ons huidige netwerklyste kan verkry word deur die oproepsentrum by 0860 104 117 te bel, of die webblad www.samwumed.org te besoek.www.samwumed.org

**KOÖRDINASIE VAN SORG IS GOED VIR ONS LEDE EN VIR ONS SKEMA.**

**Vir meer inligting, besoek:**
www. samwumed. org / clinicalinfo@samwumed.org

Samwumed   @SAMWUMEDhealth   Samwumed



# KOÖRDINASIE VAN SORG IS GOED VIR ONS LEDE EN VIR DIE SKEMA.

SAMWUMED
Real Heritage. Real People. Real Health Care.

# Verbeterings en veranderings by SAMWUMED in 2024

SAMWUMED streef daarna om die volgende aan julle, ons lede, te bied: toegang tot gesondheidsorg van gehalte; beskerming teen uitgawes uit jou eie sak; en om seker te maak jou voordele hou langer en word nie gedurende die voordeeljaar uitgeput nie.

## Hoe bereik SAMWUMED hierdie doelwitte?

Deur jou toegang tot netwerke wat uitstekende gesondheidsorg verskaf en geen bybetalings vereis nie, uit te brei. Ons netwerk van algemene praktisyns (AP's) word groter, ons het 'n nuwe netwerk van hospitale, en ons gaan 'n netwerk van spesialiste in 2024 kontrakteer. Jy kan jou voordele langer laat hou deur tot twee AP's te nomineer om jou sorg te koördineer.

## Waarom is koördinasie van sorg so belangrik?

Om een AP te kies wat jou gesondheidsorg koördineer, verbeter die gehalte van sorg wat jy ontvang. Genomineerde AP's kan beter diagnoses en besluite oor jou behandeling maak omdat hulle jou volledige mediese geskiedenis en die uitslae van toetse het. Jou voordele sal langer hou as jy jou genomineerde AP gaan sien voordat jy 'n afspraak by 'n spesialis maak. Die AP sal jou na die regte spesialis verwys en jy sal nie toetse hoef te herhaal nie.

## Wat doen die Skema om sorg te koördineer?

SAMWUMED vra jou om 'n AP te nomineer om jou sorg te koördineer en het 'n magtigingsproses vir spesialisverwysing bekendgestel.

## Hoe sal die netwerke lede bevoordeel?

Dokters wat hulle by ons netwerke van AP's en spesialiste aansluit, sal teen ooreengekome tariewe vir konsultasies besoek kan word. Jy sal geen bybetaling uit jou eie sak hoef te doen vir 'n konsultasie by 'n AP of spesialis in ons netwerke nie.

## Magtigingsproses vir spesialisverwysing – wat behels dit?

SAMWUMED vereis dat jy jou genomineerde AP raadpleeg voordat jy 'n afspraak by 'n spesialis maak. As jou genomineerde AP jou na 'n spesialis verwys, moet hy/sy jou 'n verwysingsbrief en 'n verwysingmagtigingsnommer gee. Laasgenoemde nommer word gekry deur 0861 112 666 te bel en dan Opsie 5 te kies. Die nommer bly vir drie maande geldig. Jy moet hierdie nommer aan jou spesialis gee sodat hy/sy dit by hul SAMWUMED-eis kan insluit. **SAMWUMED het hierdie proses aan AP's verduidelik en sal geen eise vir spesialiste uitbetaal sonder hierdie verwysingmagtigingsnommer nie.**